

*November 2013*

# Die Ligdraer

## AGS MIEDERPARK

## Die dag toe hoop gebore is

***"Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."***
***— Genesis 3:15 —***

Die woordjie "hoop" was seker nie in Adam se woordeskat nie. Waarvoor sou hy tog wou hoop? Dat dit volgende week sal reën sodat die koring kan groei? Dat die aandelemark 'n slag in die regte rigting sal koers kry? Op 'n salarisverhoging? Waarvoor sal 'n mens hoop as jy alles het, as die lewe volmaak is? Of sou Adam dalk in die tuin loop en tob het oor 'n vrou: "Ek wens darem die Here wil vir my 'n vrou gee!" Adam het die woord "vrou" net so min geken as die woord "hoop"! Dis God wat besluit het om vir Adam te verras met 'n vrou. Dink daaraan: hy het nie eers gehoop om 'n goeie, mooi vrou te kry nie en kyk wat gebeur! Hy kry die volmaakte vrou, uit God se Hand. Alles volmaak: volmaakte verhouding met God; volmaakte verhouding met jou medemens, en volmaakte verhouding met die natuur.

Toe kom daar 'n beroering. Daar is iemand wat nie van "mooi" hou nie. Hy haat alles wat mooi is. Hy leer vir die mens lelike woorde wat hy nog nie geken het nie. Want net so min as wat Adam en Eva die woord "hoop" geken het, het hulle die woorde "egbreuk" en "diefstal" en "moord" en "valse getuienis" geken. Die Satan kom leer toe vir die mens dié woorde wat hy nie ken nie. Begeerte, slegte begeerte. Om ongehoorsaam te wees aan God. Om vir God "nee" te sê. Die Satan kom gee vir die mens 'n droom wat in 'n nagmerrie sou ontaard. Dit is 'n baie eenvoudige en aanloklike droom wat hy by die mens inprent: om soos God te

**Vervolg op bl 2….**

## Merk jou Kalender

**02 Nov.**
Kruisbrigade-afsluiting

**03 Nov.**
Nagmaal 09:00

Aanddiens 18:00

**10, 17 en 24 Nov.**
Oggenddiens 09:00

Aanddiens 18:00

**Coolkids & Coolbabies**
Tydens elke oggenddiens behalwe

gedurende skoolvakansies.

**05 Nov.**
Leierskapvergadering 18:30

## Die dag toe hoop gebore is . . .

wees. Dit mag vir ons na ’n edel droom klink. Maar dit was nie! Die bedoeling van die “soos God wees,” was nie ’n edel bedoeling nie. Dit was nie uit bewondering vir God gebore nie.
Dit was ’n diaboliese droom om **mag**. Dit was die begeerte om te kan besit wat God besit en om te doen wat God alleen mag doen. Dit was die begeerte om in beheer van sake te wees. Dit het vir die mens baie begeerlik geklink. Baas van die plaas. En dié begeerte wek verset teen God. Afstand. Ongehoorsaamheid. Die mens leer ken sommer in ’n klein tydjie ’n klomp nuwe woorde: selfsug, eiebelang, eersug, heerssug; hebsug…

Breekspul! Sondeval. Hartseer. Skuld. Straf. Uit die paradys. Uit die atmosfeer van die volmaakte. Geen vroegoggend- en sononderstappies langs die see en in die natuurtuin nie. Geen heerlike, spontane ontmoetings met God meer nie. Nie meer vanselfsprekend bymekaar ingehaak, in volkome harmonie met mekaar nie. Skielik het die lewe ’n stryd geword. ’n Geswoeg om den brode.

In die tuin het die mooiste ooit verkeerd geloop en op ’n onbegryplike breekspul uitgeloop. Die stukkie verhaal wat ons in Genesis lees, vertel nie naastenby die hele storie nie. Kan jy jou voorstel dat die mooiste wat God ooit gemaak het, daar afgetakel word? Kan jy jou God se hartseer voorstel toe die mens willens en wetens téén God en vír die duiwel kies? En eensklaps sak daar ’n donker wolk op God se skepping toe. Soos ’n swart rookmis wat oor ’n stad lê en alles besoedel, het die sonde oor die skepping toegesak. Alles is hopeloos. Verlore. Uit die paradys. Uit God se tuin van lewe en vreugde. Nee, tog nie hopeloos nie! Want God kom leer toe vir die mens ’n woord. “Hoop”. Die woord staan nie daar in Genesis opgeteken nie. Maar dit word beskryf. Dit word breedvoerig gedefinieer. Want daar is ’n belofte.

God se beloftes is die mens se hoop. Heel eerste die belofte dat dié een wat dit durf waag het om in God se skepping ’n breekspul te veroorsaak, self op ’n dag finaal gebreek sal word. Iemand sal sy kop verbrysel, die onbeskaamde vernietiger van lewe. Iemand sal weer lewe gee deur die doodsagent dood te maak. Daar is hoop! God gaan uitkoms gee! Hy gaan Iemand stuur…

En wat dan ook al deur die sondebesoedeling só besmet is dat dit hopeloos onherstelbaar lyk – daar is hoop. Want God is daar! En dié Een wat die slang se kop verbrysel het. Gee net vir Hom ’n kans. **Hy is ons hoop!** “Dit is ’n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste” (1 Tim. 1:15). Watter geweldige gebeure is dit nie in die wêreldgeskiedenis nie!
Die Seun van God het na die wêreld gekom. Hy wat van ewigheid af by die Vader was, kom na ons wêreld en breek in ons geskiedenis in.

Dit is vir ons moeilik om te begryp omdat dit volkome buite ons ervaringswêreld lê. Tog laat die Heilige Gees ons iets begryp van die oneindige liefde van God.

Christus het na die wêreld gekom wat Hy geskep het en tog het Sy eie mense Hom nie aangeneem nie (Joh. 1:11). Inteendeel, uiteindelik het hulle Hom gekruisig. Christus, die Here van alles, kom na die wêreld, nie om bedien te word nie, maar om te dien. En as ons dink dat dit onbegryplik is, moet ons dink waarvoor Hy gekom het. Soos Timoteus sê, om sondaars te verlos (vgl. 1 Tim. 1:15). Ons word vandag weer eens daaraan herinner dat ons sondaars is. Ons hou nie van die woord nie. Die mens wat sulke wonderlike dinge kan doen, harte kan oorplant, selfs na ander planete in die hemelruim vaar, is dié mens in die 21ste eeu werklik ’n sondaar?
In die tyd van die sogenaamde verligting in die 18de eeu, toe die mens se rasionaliteit hoogty gevier het, was dit ook onpopulêr om die mens ’n sondaar te noem.

Vervolg op bl. 3 …

## GEBED

Liefdevolle Here,
word U nooit moeg van goed-wees vir my nie?
Waarom is ek dan so traag om my liefde vir Ú te wys
deur goed te wees vir ander mense?

Soos U vreugde het aan die geluk van u kinders,
laat my tog ook vreugde vind in diens aan my naaste.
Ag, Here, gee my wat ek nie het nie.
Máák my wat ek nie is nie.
Laat die bewyse van u vergewende en genadige liefde
teenoor my,
my aanspoor tot geduld en vergifnis en genade teenoor ander.
Amen.
(John Wesley — Uit: Gebedeboek vir die lewe (Lux Verbi.BM)

# Die dag toe hoop gebore is –

Andersins het ons so gewoond geraak aan hierdie woord. Dit is so maklik om te sê dat ons nou maar eenmaal sondaars is. Die mens kan homself so maklik verontskuldig deur homself met ander mense te vergelyk: hulle doen erger dinge as ek.

Niemand wil glo dat hy so sleg is nie. Dit hang egter nie daarvan af hoe ons oor onsself oordeel nie, maar ons moet vra wat die Bybel sê en die boodskap is duidelik: ons is almal sondaars, sonder uitsondering (vgl. Rom. 3:10). Die sonde het so ’n kloof tussen God en Sy skepsel veroorsaak dat dit van die mens se kant onoorbrugbaar is. Daar is net een brug wat ons weer met God verbind het en dit was toe Christus van God se kant weer eens Sy hand na die mens uitgesteek het.

Hy het dit op ’n unieke wyse gedoen. Sy Seun word Mens; nie halfmens-halfgod soos in die mitologie nie, maar ware Mens en ware God, uitgesonderd die sonde.

Hy is daarom waarlik Immanuel, God by ons. Dit het Christus gedoen, nie vanweë enige verdienste van die mens se kant nie. Indien iemand sy lewe gee vir ’n ander mens wat dit verdien of dit waardig is, sal ons dit miskien kan begryp, maar Christus het dit vir onwaardige sondaars gedoen!

Vandag se boodskap is een van geweldige opoffering. Die mens het behoefte aan verlossing gehad maar kon van sy kant niks aan die saak doen nie; selfs nie indien al die mense sou kon saamstaan nie. Juis daarom het Christus gekom soos ons lees in Luk. 19:10: “Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is” en in Joh. 12:47: “Jesus het die gekom om die wêreld te red.” Christus het gekom om ons van ons sondeskuld te verlos. Hy het ons las gedra toe Hy aan die kruis gesterf het. Nou maak Hy van ons nuwe mense. Hy het gekom om mense te verander van God-vyandige mense na kinders van God, om ons te verlos van mense wat net op onsself ingestel is, na mense wat vir ons naaste lewe. Christus het gekom om ons te verander – dit is wat verlossing beteken, dat ons uit die sonde (dood) oorgegaan het na die lewe. Christus het vir ons elkeen persoonlik gekom en ware hoop aan ons kom openbaar.

As dit in jou lewe waar is en jy dit reeds ondervind het, dan kan jy fees vier. As jy weet dat jou sonde en ellende weggeneem is, dat die kloof tussen ons en God oorbrug is; gaan leef feesvierend. Want hoop is gebore!



## SPREUKE 25:14

'n Man wat hom beroem op 'n geskenk wat hy tog nie gee nie, is soos dampe en wind waar geen reënbui by is nie.

## God of Love

Silent whisper of my Lord…
let me be;
I humbly hope to be a
description of God's Grace and Love,
so free;
An ambassador of the Unseen
but more true than the tangible
and more real than the seen.

No one knows Love,
until they know You, my Lord,
and even then no words
could describe
and no one truly understands
or believes
the Peace and Love
with which one rests…

But until You come to complete:
Silent whisper of my Lord
I humbly hope to be;
True description of God's Grace and Love…
ever free…
and more important still:
all glory be to Thee!

Melanie Fouché



**24 November 18:00**

Spesiale Musiekblyspel




## Aardklop Terugvoer 2013

Dit was 'n heel vreemde en ander Aardklop-gevoel wat ons in 2013 beleef het. Na ons terugblikvergadering het ons besef dat Aardklop vir die Gemeente AGS Miederpark iets moet beteken tot die uitbreiding van God se Koninkryk. Ons het besef dat as hierdie Gemeente die hande en voete van Jesus moet wees, ons 'n ander benadering sal moet aankweek en die Here vertrou vir die pad vorentoe.

Daarom het ons besluit om hierdie jaar se totale wins terug te saai in Sy Koninkryk. Ons gaan binnekort vir u terugvoer gee waarheen die geld gekanaliseer word. Dit is ook ons visie om van volgende jaar hierdie selfde aanslag met Aardklop se winste te doen om sodoende 'n verskil te maak! Bid dat die Here vir ons die regte akkers sal voorsien waarin ons kan saai.